

Sondag 1 Augustus

Skrifgedeelte: Job 1:1-22

Fokusgedeelte: Job 1:9, 21
(1983-vertaling)

Hoekom dien jy die Here?

Volgens Satan het Job God om die verkeerde redes gedien. Hy het God gedien omdat Hy hom geseën het met groot rykdom, voorspoed en gesondheid. In die hemelse vergadering waag Satan om voor God te kla: "Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie!" (Job 1:9). Satan meen dat as God Job se besittings sou aanraak, Job die Here in sy gesig sou vervloek. In sy vrymag gee die Here al Job se besittings in Satan se mag oor, en in 'n oogwink verloor hy alles. Maar wat doen hy? Hy val in aanbidding op die grond en bely: "Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here" (Job 1:21).

Selfs te midde van hierdie tragiese omstandighede bely Job dat God soewerein en vrymagtig is, en berus hy gelowig in God se wil. Satan het misluk in sy aanklag. Job het God nie gedien vir seëninge en voorspoed nie.

Dit bring ons weer terug by die vraag: Hoekom dien jy die Here? As jy selfondersoek doen, wat is die diepste rede? Dien jy Hom dalk omdat jy dink dat dit vir jou een of ander voordeel inhou soos voorspoed, gesondheid of rykdom ... of dien jy Hom omdat Hy die enigste God is en deur ons gedien móét word?

Deur sy dood en opstanding het ons Here Jesus ons oë oopgemaak om weer te kan sien dat God alleen God is, en dat Hy alleen aanbid moet word, met die wete dat Hy sorg vir elkeen wat Hom dien. Ondersoek daarom jou lewe, en dien God om die regte redes.

Sing: Psalm 40-1:4

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)